# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: 202/2006***
***DATUM GELEWER: 3 November 2006***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**CHRISTO SMIT**

***CORAM:*** LACOCK R et WILLIAMS R

## *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS R:**

1. Die beskuldigde, mnr. Christo Smit, is op 17 Augustus 2006 van die pad afgetrek deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en gekonfronteer met ‘n lasbrief vir die arrestasie van ene Johannes Christiaan Smit vir die versuim om ‘n boete te betaal vir ‘n verkeersoortreding gepleeg gedurende Maart 2005. Johannes Christiaan Smit is ‘n familielid van die beskuldigde en staan toevallig ook bekend as Christo Smit.

2. Die beskuldigde, alhoewel hy ten volle bewus was dat die lasbrief nie op hom van toepassing was nie, het uit vrees dat

hy gearresteer sou word, onmiddellik ‘n skulderkenningsboete van R400, 00 by die Keimoes Landdroskantoor gaan betaal.

3. Nadat hy egter regsadvies ingewin het, het die beskuldigde ‘n beëdigde verklaring ter verduideliking van sy verkeerdelike skulderkenning afgelê. Aangeheg tot die beëdigde verklaring is afskrifte van die identiteitsdokumente van beide Johannes Christiaan Smit en Christo Smit sowel as die doodsertifikaat van Johannes Christiaan Smit waaruit dit blyk dat laasgenoemde reeds op 6 Mei 2005 oorlede is.

Dit blyk duidelik vannuit hierdie bogenoemde dokumente dat die beskulidgde nie die persoon is ten opsigte waarvan die lasbrief uitgereik is nie.

4. Die landdros wat die skuldigbevinding en vonnis bekragtig het het derhalwe die aangeleentheid op spesiale hersiening gestuur met ‘n versoek dat die skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel word en dat daar gelas word dat die bedrag van R400, 00 aan mnr Chriso Smit terugbetaal word. Ek is van mening dat hierdie onder die omstandighede die aangewese prosedure is om die situasie reg te stel.

**Die volgende bevele word gemaak:**

**a) Die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.**

**b) Dit word gelas dat die bedrag van R400,00 aan mnr Christo Smit terugbetaal word.**

________________________

C.C WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

________________________

H.J LACOCK
REGTER